

21 Oktober

Skrifgedeelte: Prediker 11:1-6 (OAV)

### Lewe kommervry onder die son

Elkeen van ons word daaglik gekonfronteer met bekommernis. Ons lewe onder hierdie son is 'n lewe van verdorwenheid en besoedeling as gevolg van die sonde. Hierdie aardse bekommernis word verder verdiep deurdat ons wil weet wat God se plan met ons is. Ons wil in beheer wees.

Bekommernis beteken om in verskillende rigtings getrek te word. Die een oomblik soek jy hier 'n oplossing, die volgende oomblik daar. Daar is nie innerlike rus en vrede nie. Ons lees dat die boer volmaakte weersomstandighede wil hê voordat hy saai. Ongunstige weersomstandighede lei tot onvermoë om iets te doen. Hy is onseker oor die sekerheid van God se plan. Sy bekommernis oorheers hom. Vrees vir mislukking maak dat hy by die geringste ongunstige omstandigheid terugsit.

Hoe werk 'n mens bekommernis teen? Bekommernis is geestelike energie wat gemors word op 'n situasie wat ons nie kan verander nie. God gaan nie sy soewereiniteit aan ons oorgee nie. Kom ons gee ons bekommernis oor aan God wat in beheer is. Moenie wag vir volmaakte omstandighede nie. Gaan uit en werk. Besef dat daar mislukkings sal wees. Werk bepland. Ons kan dinge nie verander nie. Ons moet doen wat ons hand vind om te doen.

Niks in die lewe is buite die gesigsveld van God se persoonlike liefde en sorg nie. Christus het dit moontlik gemaak dat ons oor enigiets tot ons Vader kan bid. Ons het God se belofte dat Hy onder alle omstandighede ons sal ondersteun en vrede aan ons sal gee. Die vrede van God bring rustigheid. Deur die verliggende werk van die Heilige Gees kry ons geloofsperspektief op die ewige dinge wat ons in Christus gekry het. Die vrede met God, in en deur Jesus Christus, beskerm ons gedagtes en ons gemoedslewe teen bekommernis.

*Sing: Psalm 34:4,5*

*Ds TC de Klerk (Potchefstroom-Suid)*